



# Geopende Deure **NUUSBRIEF**

STAAN AS EEN VIR ONS FAMILIE IN AFRIKA



**UITGawe 2**

Jonk, maar veerkragtig, bl. 2, 3 • V&A oor sub-Sahara Afrika, bl. 4  
Afrika staan op as een, bl. 5 • Afrika-infografika, bl. 6,7

DIE KERK IN AFRIKA  
HET JOU NODIGER  
AS OOT  
Sien bl. 5 >>

# Die Kerk in Afrika

## Jonk, maar veerkragtig



Afrika het een van die jongste kerke in die wêreld, maar dit is 'n Kerk met baie vyande wat vervolging op gewelddadige maniere ervaar. Ekstreemistiese groepe is onder die vyande wat gelowiges voortdurend teiken. Gelowiges gaan ten spyte hiervan voort om die Here te volg, ondanks die gevaar wat hul lewens bedreig.

Dit geld ook vir gelowiges soos Gertrude\* (27) van die Demokratiese Republiek van die Kongo (DRK), 'n weduwee en enkelouer vir haar en haar suster se kinders nadat haar suster en man vermoor is.

Die Geallieerde Demokratiese Magte (ADF) het haar suster in Mei 2018 vermoor en haar man in Augustus 2021 op hul plaas doodgemaak. Hulle het ook Gertrude se driejarige seun gevat. Tydens die aanval het sy beserings opgedoen nadat sy drie keer geskiet is – twee keer in haar voet en een keer in haar maag.

*"Toe ek teen die heuwel op gevlug het, het nog 'n koeël my in die maag getref. Dit is waar ek my krag verloor het en op die grond neergeval het. Van waar ek was, kon ek sien hoe hulle my seuntjie vat en my man onthoof. Toe ek sien hoe hulle hom onthoof, het ek vir myself gesê: Ons is almal dood. Ek het die oorblywende krag wat ek gehad het, verloor,"* sê sy.

Selfs voor haar man se dood was die lewe moeilik, maar hulle het ten minste mekaar gehad. Nou het die lewe vir Gertrude nog moeiliker geraak. Maar ten spyte van alles, bly sy standvastig in haar geloof in God. Sy onthou: *"As ek ver van God af weggedwaal het, sou ek reeds dood gewees het. Die gevaar waaruit God my gered het, gee my die vertroue dat God teenwoordig is. Ons is almal bywoners op die aarde. Dis slegs God wat my die krag gee om dié pyn te kan verduur."*

Gelowiges in Afrika is werklik veerkragtig, soos Gertrude. Hulle is onsettend moedig en ongetwyfeld daartoe verbind om die Goeie Nuus van Jesus in hul deel van die wêreld te versprei. Maar hulle is ook baie kwesbaar. Daarom het hulle jou nodig – hul wêreldwye Kerkfamilie om in gebed en aksie te verenig. Sluit by ons aan terwyl ons in meerjarige veldtog begin om met gelowiges in Afrika saam te werk. Sonder ons gesamentlike optrede is die Kerk in Afrika se voortbestaan in gevaar.

**Sluit by ons aan terwyl ons die Kerk in Afrika oproep om op te staan!**

## met ons kenner oor godsdiens- en geloofsvryheid

Ons het vir Ilia Djadi, senior ontleder vir godsdiens- en geloofsvryheid in Afrika suid van die Sahara, h̄ paар v̄aе oor die situasie in dié streek gevra. Hy verduidelik hoe dinge in die streek verander het, wie agter die aanvalle sit en hoe ons hulp verleen.

### Hoe het die situasie voorheen vir Christene gelyk?

Alle lande in Afrika suid van die Sahara was vroëer uitstekende toeristebestemmings, maar dit is nie meer die geval nie. Die afgelope paar jaar, om en by sowat tien jaar, het ons drastiese agteruitgang van die veiligheidsituasie in die streek ervaar en word godsdiensvryheid drasties ondermyn.

### Wat het gebeur om dinge te verander?

Agteruitgang van die sekuriteit. Burkina Faso het byvoorbeeld h̄ lang kultuur van verdraagsaamheid. Maar dit het verander en ons het gesien hoe Christelike minderhede h̄



teiken geword het. Nigerië is nóg h̄ voorbeeld. Die afgelope twaalf jaar word die noordooste van Nigerië deur Islamitiese opstande geraak.

### Wie sit agter die aanvalle op Christene?

Daar is h̄ oplewing van godsdiestige ekstremisme in Afrika suid van die Sahara. Radikale prediking en onderrig het tot vyandigheid teenoor godsdiestige minderhede soos Christene geleid. Die manier waarop mense teenoor Christene optree, het verander. Ons kan sien daar is tans nie h̄ enkele deel van die vasteland wat dié Islamitiese opstande vryspring nie. Dié verskynsel brei nou uit en versprei oor meer grondgebiede.

### Hoe help Geopende Deure?

Geopende Deure (GD) is aktief betrokke deur sy plaaslike vennote en verskaf noodlenigingsmateriaal, traumasorg en opleiding. GD doen ook voorspraak. Ons probeer om bewusmaking van hierdie situasie te skep, wat dikwels deur die Westerse wêreld en media geignoreer word.



## DIE KERK IN AFRIKA HET JOU NODIG OM OP TE STAAN

Gewelddadige vervolging is h̄ grootskaalse en groeiende probleem in Afrika suid van die Sahara.

Sluit hierdie Mei by ons aan terwyl ons h̄ meerjarige veldtog begin om saam met die Kerk in sub-Sahara Afrika op te staan.

**BID AS EEN  
GEE AS EEN  
SKEP BEWUSTHEID AS EEN  
STAAN OP AS EEN KERK TEEN  
GEWELDDADIGE VERVOLGING IN  
AFRIKA**

"Staan op, laat jou lig skyn! Ja, jou lig het gekom, en die heerlikheid van die Here skyn oor jou. Ja, kyk, donkerte bedek die aarde, en diepe duisternis die volke; maar oor jou skyn die Here, en oor jou word Sy heerlikheid sigbaar."

JESAJA 60:1-2



[www.opendoors.org.za/staanopafrika](http://www.opendoors.org.za/staanopafrika)

# VERVOLGING IN SUB-SAHARA AFRIKA

Afrika is die tuiste van sommige van die wêreld se mees vervolgde Christene. Slegs in Afrika suid van die Sahara is geweld teen Christene die ergste ooit – ‘n situasie wat ons geloofs familie verlate laat voel.



**> 1,2 biljoen**

Totale bevolking  
suid van die Sahara



Toename in die **geweldstelling** vir al 26 lande in sub-Sahara Afrika op Geopende Deure se WWL, met die helfte in die "uiters hoë" kategorie.



- **5 170** Christene **vermoor** (4 650 in Nigerië alleen)
- **1 500** Christene **seksueel aangerand**
- **2 714** Christene **ontvoer** (2 510 in Nigerië alleen)
- **1 212** Eiendomme wat Christene besit/benut **vernietig**

Verslagtydperk: Oktober 2021-September 2022. Slegs bevestigde gevalle, syfers is waarskynlik baie hoër. Elke geval verteenwoordig moontlik nog verskeie ander.


**20** jaar is die **gemiddelde ouerdom**, met 62% van die bevolking onder 25.

16 van die top 20 lande met die meeste **kinderhuwelike** is in sub-Sahara Afrika.



Die streek het **13** uit 20 lande wêreldwyd waar **Christene die meeste vervolging** ervaar.

**20%** van Christene in Afrika beleef ten minste hoë vlakke van vervolging of diskriminasie weens hul geloof, wat die **aanwesigheid van die kerk in sub-Sahara Afrika bedreig**.



Geweldranglys vir die streek (WWL 2023)

- 1 Nigerië
- 2 Kameroen
- 3 Burkina Faso
- 4 SAR
- 5 Mosambiek
- 6 DRK
- 7 Tanzanië
- 8 Mali
- 9 Niger
- 10 Soedan



**3/4** van die **terreurgroepe** wat in 2021 vir die meeste sterftes wêreldwyd verantwoordelik was, werk in sub-Sahara Afrika.

- Islamitiese Staat (IS)
- Al-Shabaab
- Jama'at Nasr al-Islam wal Muslimin (JNIM)

Sub-Sahara Afrika is die mees **dodelike-gewelddadige** streek vir Christenmense.



Die streek het **12** van die 20 lande waar vroulike Christene die meeste vervolging word.



Meer as **89%** van die wêreldwyw **moorde op Christene** word hier gepleeg.




Sonder ons gesamentlike optrede sal getekende geweld eenvoudig ongekontroleerd voortgaan.

So sluit by ons aan om in Mei vir die Kerk in sub-Sahara Afrika te bid. Teken in by [www.opendoors.org.za/staanopafrika](http://www.opendoors.org.za/staanopafrika), of skandeer die QR-kode.



Waar Islamitiese militante geweld gebruik om die Kerk stil te maak

- Sahel, Burkina Faso
- Middelgordel, Nigerië
- Tsjadmeer-kom, Tsjad
- Noordooste, SAR
- Noord-Kivu, DRK
- Noordooste en kus, Kenia
- Alle gebiede, Somalië
- Noordooste, Mosambiek



**15 551 800**

mense **ontwortel** deur geweld en konflik teen die einde van 2021.

**76%**

van die streek het **gedwonge diensplig en militêre diens**.



# VANUIT DIE HART



Beste vennote en vriende

Met die waarskynlikheid van 'n strawwe winter wat voorlê weens kragonderbrekings, is die werklikheid dat die lewe vir ons moeilik is. Die realiteit daarvan om in 'n gevalle wêreld te woon bevestig egter dat ons soveel meer die behoefté het aan verlossing.

Dié behoefté kan nie deur positiewe sielkunde bevredig word of deur ontvlugting vermy word nie. En die antwoord hierop vat nie ons swaarkry weg nie. 'n Persoonlike verhouding met die Weg, die Waarheid, die Lewe – Jesus – is die enigste antwoord op jou, my en die wêreld se probleme.

Maar hoe sou ons Hom ken en deel wees van die Liggaam sonder dissipelskap, ander gelowiges en om Hom te hoor? Dele van ons eienkontinent word deur geweld en ekstremisme van Sy Christelike getuenis ontnem. Wie sal praat en hoop vir gelowiges in hierdie lande bring sodat hulle getuenis vir Christus sal wees?

Dit is wanneer ek die uitdaging van Matteus 6 hoor: "Moenie vir julle skatte op aarde bymekaarmaak nie... Maar maak vir julle skatte bymekaar in die hemel waar motte en ongediertes dit nie kan verniel nie en waar diewe nie inbreek en steel nie. Want waar jou skat is, daar sal jou hart ook wees."

As bewoners van die Afrika-kontinent het ek en jy die geleentheid om **skatte in die hemel** bymekaar te maak deur 'n meerjarige veldtog bekend te stel om te bid, te gee, bewustheid te kweek en vir ons geloofsfamilie in Afrika voorspraak te maak – om te sien wat die Here in Afrika en vir die Liggaam van Christus op ons vasteland wil doen. Sluit by my aan om as een teen geweld in Afrika te staan.

Vrede

Lynette

**Lynette Leibach**

Uitvoerende direkteur

Geopende Deure Suider-Afrika



**Geopende Deure**

I [www.opendooors.org.za](http://www.opendooors.org.za)

T +27 11 888 9341

F +27 11 888 9362

E [southafrica@od.org](mailto:southafrica@od.org)

064 867 4730

Posbus 1771, Cresta, 2118



## Bankrekenings: Suid-Afrika

Geopende Deure – Open Doors NPC,

Capitec Business

Lopende Rekening (450105),  
Rekeningnr. 1051 1501 32

Geopende Deure – Open Doors NPC,

Nedbank Besigheids-rekening (198765),  
Rekeningnr. 113 750 4552

## Bankrekening: Namibië

Geopende Deure – Open Doors NPC,  
Nedbank Windhoek (461609),  
Rekeningnr. 1-2000-23847-1

(Faks asb. die bewys van betaling na +27 11 888 9362 of epos na [southafrica@od.org](mailto:southafrica@od.org))

Saamgestel deur Geopende Deure Suider-Afrika. Inligting korrek teen druktyd. Geen reproduksie sonder toestemming nie. Kontak ons by [southafrica@od.org](mailto:southafrica@od.org).

Drukwerk deur Resolution Litho

REG # 2004/023397/08

Vervolg **Maar nooit alleen.**